*Historia* 54,2, November 2009, pp 133-157

# "Om die fakkel verder te dra": Die rol van die jeugvleuel van die Ossewa-Brandwag, 1939-1952

***Charl Blignaut en Kobus du Pisani****

## Inleiding

Die Simboliese Ossewatrek tydens die eeufeesvierings van die Groot Trek in 1938 was ŉ keerpunt in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, omdat dit stimulus verleen het aan die mobilisering van Afrikanermag. Die geesdrif onder Afrikaners wat daarmee gepaard gegaan het, het soos ŉ veldbrand deur die land versprei soos wat die waens oor die vlaktes en deur dorpe en stede gerol het. Hierdie simboliese trek van vier maande het vir die meerderheid Afrikaners die sinnebeeld van "die volk se trek op die pad van Suid-Afrika" geword.[1] Wat van hierdie gebeurtenis ŉ mylpaal maak, is dat dit gepaard gegaan het met ŉ gees van groeiende eksklusiewe nasionalisme, wat reeds voor 1938 aan die ontwikkel was. Nuwe stukrag is gegee aan ŉ nasionale Afrikanerbeweging met manifestasies op alle terreine van die volkslewe.[2]

Die Ossewa-Brandwag (OB) is op 4 Februarie 1939 gestig as ŉ Afrikanerbeweging wat homself sou beywer vir die "bestendiging van die Ossewa- en Eeufeesgees in die land".[3] Kolonel J.C. Laas, die eerste leier, is later deur doktor J.F.J. (Hans) van Rensburg opgevolg.

Die onstuimige 1930's en 1940's was in Suid-Afrika die dekades waar die laaste gewelddadige verset teen Britse oorheersing plaasgevind het. Ook die invloed van nasionaal-sosialisme het sy merk op Suid-Afrika gemaak, onder meer in die OB.[4] Die ganse volkslewe van ŉ groot aantal Afrikaners is daardeur geraak.

Binne die geledere van die OB is daar aandag geskenk aan die jeug, en veral die kinders van diegene wat aan die organisasie behoort het en die ideale daarvan onderskryf het. Die OB het deur sy amptelike jeugbeweging die jongelinge betrek. Hierdie afdeling van die organisasie het baie ooreenkomste met die reeds-bestaande Voortrekkerbeweging getoon.[5] Die OB-jeugvleuel was egter uniek in wese deurdat

---

* Charl Blignaut is ŉ nagraadse student aan die Universiteit van Pretoria en Kobus du Pisani is professor in Geskiedenis aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

1 D Mosterd, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika* (ATKV, Pretoria, 1940), p 57

2 P J J Prinsloo, "Kultuurbeeld van die Ossewa-Brandwag, 1938-1952 " MA-verhandeling, PU vir CHO, 1983, p 15 Vir meer besonderhede oor die Eeufeesvieringe van 1938, kyk E A Messina, "Die Voortrekkereeufees, 1938 " MA-verhandeling, Universiteit van Wes-Kaapland, 1981

3 A J H van der Walt, *ŉ Volk op trek: ŉ Kort geskiedenis van die onstaan en ontwikkeling van die Ossewa-Brandwag* (Kultuur en Voorligtingsafdeling van die Ossewa-Brandwag, Johannesburg, 1944), p 12

4 Ander voorbeelde van nasionaal-sosialistiese organisasies van hierdie tyd was die Gryshemde en die Nuwe Orde

5 Die Voortrekkerbeweging is in 1931 gestig as ŉ Afrikanerjeugbeweging ná pogings van generaal J B M Hertzog om blanke seuns in ŉ enkele jeugbeweging met ŉ Afrikaneretos saam te snoer Dit het saamgeval met die destydse beweging onder prominente en invloedryke Afrikaners, asook die kultuurgemeenskap, om Afrikaans en die Afrikanerkultuur oor die algemeen te versterk as teenvoeter vir die sterk Engelse inslag in die Suid-Afrikaanse samelewing

die oorhoofse OB-doelstellings, naamlik die "voortplanting, beskerming en uitlewing van die Voortrekkerbeginsels en -ideale, insluitende die godsdienstige, morele en ekonomiese opbou van ons volk",[6] in die jeugvleuel neerslag gevind het.

Dit was die oogmerk van die OB om die Afrikaner op alle terreine te verteenwoordig en te betrek. As deel hiervan het die OB voorsiening gemaak om die Afrikanerjeug op te voed in "diens ter ere van God, volk en vaderland" met die oog op die "opvoeding van 'n sterk verenigde, onafhanklike, godsdienstige volk".[7] Die beïnvloeding van die jeug het ingepas by die oorkoepelende samelewingsideaal van die OB. Die kommandant-generaal van die OB, doktor J.F.J. van Rensburg, het by geleentheid gesê dat geen volk se stryd inhoud en betekenis het as dit nie op die jeug van daardie volk gemik is nie en die OB wou toesien dat daar 'n generasie sou wees wat die "fakkel verder [kon] dra".[8] Patrick Furlong voer aan dat die jong geslag Afrikaners van hierdie tydperk juis besonder vatbaar vir outoritêre idees was.[9]

Die doel van hierdie artikel is eerstens om te kyk hoe die jeug begin prioriteit geniet het binne die geledere van die OB. Tweedens sal die wesensaard van die OB se latere jeugbeweging, die Boerejeug, deur 'n waardering van sy amptelike doelstellings, werksaamhede en invloed ontleed word. Aandag word ook gegee aan hoe die dualisme binne die beweging, wat aan die een kant 'n openbare volksbeweging was en aan die ander kant 'n ondergrondse versetbeweging teen die regering se oorlogspoging, die jeug geraak het. Daar sal ook kortliks verwys word na die ooreenkomste en verskille tussen die Boerejeug en fascistiese jeugorganisasies, veral die Hitler Jugend in Duitsland.

Binne die konteks van die kulturele doelstellings van die OB het die Afrikanerjeug vanaf 1943 toenemende prioriteit geniet. Vier fases van die OB-jeugbeweging kan onderskei word:

1. verwikkelinge wat gelei het tot die stigting van 'n jeugbeweging;
2. die stigting van die Jeugfront, interne konsolidasie van organisering en die plaas van die jeugbeweging op 'n stewige voet;
3. die omskakeling van die Jeugfront-beweging in die Boerejeug waarin die jeugvleuel sy piek bereik het; en
4. die uiteindelike agteruitgang en ontbinding van die beweging.

## Oorsprong van die idee van 'n eie jeugbeweging

Met die stigting van die OB op 4 Februarie 1939 is daar nie dadelik prioriteit aan die Afrikanerjeug verleen nie.[10] Dit wil voorkom asof die oorsprong van 'n

6 Van der Walt, *'n Volk op trek*, p 9

7 Ossewa-Brandwag-Argief (hierna OBA), Ferdinand Postma-biblioteek, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom: Boerejeugversameling, band 9/1/8: Boerejeugpamflette, "Die Boerejeug", circa 1943

8 OBA: J F Marais-versameling, band 2/6, omslag 6: "Kommandant-Generaal oor betekenis van jeug", circa 1947

9 P J Furlong, *Between crown and swastika: the impact of the radical right on the Afrikaner Nationalist movement in the fascist era* (Witwatersrand University Press, Johannesburg, 1991), pp 167-171

10 OBA: N G S van der Walt-versameling, band 2/13: "Geskiedenis van die Ossewa-Brandwag", circa 1944

"gemobiliseerde" jeugbeweging uit die geledere van die jeug self gekom het. Sporadiese oplewings van entoesiasme onder jongmense het gelei tot die stigting van ŉ amptelike jeugfront.

Gedurende die periode waartydens die kommandant-generaalskap in die hande van kolonel J.C. Laas was, is daar nie aandag geskenk aan die stigting van ŉ amptelike jeugbeweging om die jeug doelbewus by die OB te betrek nie. Laas het wel in Oktober 1939 ŉ bevel uitgevaardig waar hy die stigting van "jeugklubs", waar volkspele en sang beoefen kon word, in die onderskeie gebiede aangespoor het.[11] Hierdie gedagte het nie konkrete gestalte gekry nie. Dit beteken nie dat geen pogings aangewend is om wel vir die jeug ŉ staanplek in die organisasie te verseker nie. Die OB sou mettertyd die belangrikheid raaksien van ŉ toekomstige generasie waarin die beweging se ideale kon voortleef.

Dit is verstaanbaar dat nuus van die naderende Tweede Wêreldoorlog by baie Afrikaanse kinders van daardie era, wat bekend was met heldeverhale uit die Anglo-Boereoorlog en die Eerste Wêreldoorlog, maar wat nog nie self die verskrikking van oorlog ervaar het nie, opwinding kon veroorsaak. Vooruitsigte van aksie en avontuur het die verbeelding van kinders aangegryp en ŉ gevoel van afwagting geskep. In verskeie dele van Suid-Afrika waar OB-takke gevestig is, was daar woelinge onder die kinders van OB-lede en ander jongmense wat vir regse nasionalistiese strominge vatbaar was. Dit was juis optrede uit die jeuggeledere self wat bygedra het tot die stigting van die Jeugfront. Twee voorbeelde van jeuginisiatiewe sal aantoon hoe dit die stigting van ŉ amptelike beweging aangespoor het.

Die herinneringe van ŉ jong seun wat destyds aan die OB behoort het, vertel die verhaal van die aktiwiteite en selfs aktivisme onder die jeug van Pretoria-Oos in ongeveer Julie 1940.[12] ŉ Jeugdige Cas Bakkes vertel in sy herinneringe hoe hy en sy vriend, ene Van Dam, met die generaal van die OB-Noord-Transvaal, doktor Chris Neethling, gaan praat het oor die moontlikheid dat die OB hulle onder sy vleuel sou neem. Doktor Neethling het sy toestemming gegee en die eerste opdrag was dat dié twee jongmanne moes begin met werwing van jeuglede. Dit wil voorkom of die latere indeling van die jeug in Penkopkommando's sy oorsprong by doktor Neethling en Cas Bakkes gehad het, want die jeug wat in Pretoria gewerf is, sou bekendstaan as "Penkoppe".[13]

Die opdragte aan hierdie nuwe Penkoppe het nie by werwing gebly nie. Neethling het opdrag aan Bakkes gegee om die Waterkloofvliegveld te gaan teken – moontlik vir spioenasiedoeleindes.[14] Die skets van hierdie vliegveld was teen die veiligheidsmaatreëls van die Smuts-regering. Nadat hierdie opdrag uitgevoer is, is Bakkes bevorder tot ŉ kommandant van die Penkoppe en Van Dam tot ŉ veldkornet. Die aard van hierdie opdragte het daartoe gelei dat die jeugdiges wat hulle by Bakkes en Van Dam geskaar het, na hulleself verwys het as die Penkopkeurkorps en dat hulle

11 OBA: Kommandant-Generaal-versameling, band 2/2, lêer 2/12: korrespondensie kolonel J C Laas/J J Malherbe, 27 Oktober 1939 en kolonel J C Laas/doktor B A de Wet, 27 Oktober 1939

12 OBA: C M Bakkesversameling, band 2, lêer 2/4: C M Bakkes, "Penkopjoernaal", p 15

13 OBA: C M Bakkesversameling, band 2, lêer 2/4: C M Bakkes, "Penkopjoernaal", p 23

14 Onderhoud tussen C M Bakkes/J A du Pisani en C Blignaut, Pretoria, 7 Mei 2007 (persoonlike versameling van outeur)

die "aktivistiese" element van die amptelike jeugbeweging sou word. Hierdie "aktivisme" het egter op groot skaal verskil van dié van die Stormjaers, die militante aksiefront van die OB, wat die regering se oorlogspoging deur dade van sabotasie wou lamlê. Die Penkoppe was slegs ŉ groepie kinders en die verf van hakekruise en die openbare bespotting van die Union Jack is hoe ver hulle "aktivisme" gestrek het.[15] Nietemin dui dit op die invloed wat die idees van die OB op die jeug uitgeoefen het.

Aktiwiteite onder die jeug was nie tot die Transvaal beperk nie. Ook in die Paarl was daar soortgelyke verwikkelinge. Korrespondensie tussen ŉ lid van die OB in die Paarl en die sekretaresse van die OB in 1940 dui daarop dat daar in hierdie gebied ŉ verkennerskorps in die lewe geroep is om die Afrikanerjeug te betrek.[16] Die beweging in die Paarl wou ŉ aparte kommando vir die jeug met ŉ eie leier skep. Daar is besluit dat hierdie jongelinge in die toekoms "Verkennerskorpse" genoem sou word. Die naam het groot byval gevind en het entoesiasme onder nasionalisties-gesinde Afrikaanse jongmense aangewakker.[17] Daar is geglo dat hulle mettertyd die "stootkrag" sou word namate die beweging gegroei het. In die toekoms kon hulle dus die "stormtroepe" van die beweging word.[18] Hier vind ons ŉ aktivistiese doelwit met die jeug deurdat die moontlikheid oorweeg is om hulle as toekomstige Stormjaers op te lei.

Die aktiwiteite van die regse jeugdiges in Pretoria-Oos en die Paarl gee ŉ aanduiding van die sporadiese aktiwiteite onder die Afrikanerjeug wat op verskillende plekke in Suid-Afrika voorgekom het. Daar was groot potensiaal vir die stig van ŉ jeugbeweging. Die rede waarom daar nie dadelik amptelike aandag aan die jeug gegee is nie, kan toegeskryf word aan kolonel Laas se onvermoë om so ŉ groeiende organisasie soos die OB doeltreffend te lei. Laas het wel 200 lapelwapens na die Kaap gestuur vir die uitsluitlike gebruik deur die jeugkorps van die Paarl,[19] maar hy het nie die gedagte aan ŉ eksklusiewe jeugkommando verder gevoer nie. Van die redes waarom die jeugbeweging eers later tot stand gekom het, was die negatiwiteit van die regering teenoor die OB, asook interne struwelinge binne die geledere van die OB-leierskap. Die deurslaggewendste rede was egter die wete dat die Voortrekkers, as ŉ bestaande jeugbeweging vir die Afrikanerjeug, so ŉ ontwikkeling sou teenwerk.[20] Eers nadat Laas as kommandant-generaal bedank het en die senior kommandostrukture van die mans en vrouens finaal georden was, is die volgende stap geneem om ŉ jeugfront in die lewe te roep.

Nadat die bogenoemde probleme uit die weg geruim is, het die stigting nie dadelik plaasgevind nie. Omdat die Voortrekkers in 1940 al byna tien jaar bestaan het en gevestig was, moes die wenslikheid van nóg ŉ jeugbeweging goed deurdink word. Die OB se ideale was egter nie versoenbaar met die skynbare "gebreke" van die

---

15 Onderhoud tussen C M Bakkes/J A du Pisani en C Blignaut

16 OBA: Kommandant-Generaal-versameling, band 2/2, lêer 2/12: korrespondensie R P Zondag/ sekretaresse, 5 Maart 1940

17 J J Badenhorst "Vroeë organisasiestruktuur", *in* P F van der Schyff (red ), *Die Ossewa-Brandwag: vuurtjie in droë gras* (Geskiedenisdepartement van die PU vir CHO, Potchefstroom, 1991), p 28

18 OBA: Kommandant-Generaal-versameling, band 2/2, lêer 2/12: korrespondensie J A Smith/ kolonel Laas, 5 Maart 1940

19 OBA: Kommandant-Generaal-versameling, band 2/2, lêer 2/12: korrespondensie R P Zondag/ sekretaresse, 16 Maart 1940

20 Badenhorst, "Vroeë organisasiestruktuur", p 28

Voortrekkerbeweging nie. Besware wat teen die Voortrekkerbeweging ingebring is, was dat die "volkseie" aspek nie voldoende daarin tot sy reg gekom het nie, dat die republikeinse ideaal ontbreek het, asook dat die beweging te konserwatief was en gevolglik nie kon aanpas by die veranderende toestande waarin die Afrikaners hulle in daardie stadium bevind het nie.[21] Daar is aangevoer dat die Voortrekkers die republikeinse ideaal as partypolities beskou het en die OB se doelwitte met die jeug sou teenstaan.[22] Die grootste rede wat as motivering gedien het vir die stigting van ŉ eie jeugbeweging was dat die meerderheid offisiere van die Voortrekkerbeweging onderwysers was. Die Smuts-regering se noodregulasies het alle staatsamptenare vanaf 1940 verbied om lede van die OB te word.[23] Onderwysers kon dus nie deel van die OB word nie en dit het gedien as hoofmotivering, aangesien die OB nie kon toelaat dat sy jeug gelei word deur onderwysers "wat vyandig teenoor die OB staan" nie.[24]

**Die stigting van die Ossewa-Brandwag Jeugfront**

Die Jeugfront het in Desember 1940 deur ŉ magtigingsbesluit van die OB-Grootraad tot stand gekom.[25] Die Pretoriase en Paarlse voorbeelde van jeuginisiatiewe kom sterk in die amptelike aankondigingsbrosjure as een van die redes waarom die Jeugfront gestig is, na vore: "Die besluit is geneem as gevolg van die onweerstaanbare drang by die jeug om ŉ meer aktiewe deel in die nasionale stryd van die Afrikanerdom te neem".[26] Die front is gestig vir alle kinders onder die ouderdom van sewentien jaar. As ŉ mens in ag neem dat daar uit jeuggeledere self aktiewe deelname gekom het, dan was daar tog ruimte vir die stigting van nog ŉ Afrikanerjeugbeweging, aangesien nie alle jongmense by die Voortrekkers geïnkorporeer was (of wou wees) nie.

OB-gesinde Afrikanerjeugdiges was nou amptelik in Penkopkommando's ingedeel en dit was die plig van elke kommandant van die OB om toe te sien dat daar ŉ jeugafdeling by elke OB-tak gestig word.[27] Die struktuur van dié Penkop-kommando's was identies aan die indeling van die senior kommando's.[28] Die range was ook dieselfde, naamlik dié van assistent-veldkornet, sersant en korporaal. Elke lid van die Jeugfront moes ŉ eed van plig en diens teenoor God en vaderland aflê.[29] Die assistent kommandant-generaal van die OB, J.A. Smith, het as die leier van die Jeugfront opgetree. Die aanvanklike doelstelling van die Jeugfront is soos volg deur Smith uiteengesit:

---

21 Hierdie "veranderende toestande" was die moontlikheid van ŉ Duitse oorwinning se impak op Suid-Afrika as geheel, maar veral op die Afrikaner, en dit sinspeel ook op die gedagte van die "komende Christelik-Nasionale Republiek"

22 OBA: Boerjeugversameling, band 9/1, lêer 9/1/2: korrespondensie D J van Rooy/ P J Taljaard, 4 Mei 1948

23 G C Visser, *OB: traitors or Patriots?* (Macmillan, Johannesburg, 1976), pp 13-16

24 OBA: Boerjeugversameling, band 9/1, lêer 9/1/2: korrespondensie D J van Rooy/ P J Taljaard, 4 Mei 1948

25 OBA: J A de W Strauss-versameling, bevele: OB Kaaplandbevel S/10, 12 Januarie 1941

26 OBA: Boerjeugversameling, band 9/1, lêer 9/1/8: Boerjeugpamflette, Samesnoering van die Afrikanerjeug: Grootraadsbesluit, 1941

27 OBA: Assistent-Kommandant-Generaal-versameling, band 3/4, lêer 3/4/30: Omsendbrief van AKG, 21 Junie 1941

28 OBA: J F van der Merwe-versameling, band 103, lêer 103/11: ledelyste Ficksburg 1940-1941

29 OBA, Boerjeugversameling, band 9/1, lêer 9/1/6: "Organisasie en administrasie: Eed vir penkopkommando", 1941

> Die doel van die Jeugfront-afdeling van die Ossewa-Brandwag is om ons Afrikaanse seuns en dogters in die geleentheid te stel om gesamentlik deel te neem aan alle volksfeeste en Ossewa-Brandwagfunksies, ten einde hulle te besiel met ŉ vurige nasietrots en vryheidsliefde; om die jeug te dissiplineer vir die lewe en die stryd van die Afrikaner en om hulle geskik te maak om die vaderland ten alle tye op die beste wyse te dien [30]

Uit hierdie uiteensetting kom die idee van diens sterk na vore. Diens teenoor die OB veronderstel hier ook diens teenoor die vaderland. Ook in die werksaamhede van die Jeugfront het dit te voorskyn gekom. Daar is riglyne gegee vir aktiwiteite, maar die inisiatief het in die hande van elke OB-tak se kommandant gelê om die jeug te laat voldoen aan die bogenoemde doelstelling. Hierdie doelstelling is mettertyd gewysig soos wat die Jeugfront gegroei het. Daar moet in ag geneem word dat die jeugbeweging ten tye van sy stigting nie baie aandag op die Grootraad van die OB geniet het nie, aangesien die OB vroeg in 1940 organisatoriese probleme beleef het, wat eers opgelos moes word deur die nuut-aangestelde kommandant-generaal, doktor J.F.J. van Rensburg.[31]

Aan die begin het die Jeugfront nie ŉ aparte jeugleier gehad wat die belange van Afrikanerkinders op die Grootraad verteenwoordig het nie. J.A. Smith moes die skoene van die assistent-kommandant-generaal vul en terselfdertyd as jeugleier optree. Dit het daartoe gelei dat elke jeugtak op eie inisiatief moes handel en dat die leiding van bo slegs riglyne vir daardie optrede gegee het. Hierdie manier van doen het verskil van die latere Boerejeug se organisering.

Die Jeugfront het ŉ kortstondige bloeitydperk beleef vanweë die regering se noodmaatreëls, wat veroorsaak het dat baie van die takke se jeugleiers hulle werk in die beweging afgelê het of minder aktief by die beweging betrokke was. Moeilikhede waarmee OB-generaals in jeugorganisering gekonfronteer is, het primêr om die verkryging van geskikte persone as jeugoffisiere gewentel. Dit was egter nie net organisatoriese probleme wat die Jeugfront nadelig beïnvloed het nie. Daar was ook aktiewe teenstand uit verskeie kringe.

Aan die een kant was die regering die OB allesbehalwe goedgesind. Die stigting van die Jeugfront het groot reaksie in die parlement ontlok. Die destydse minister van Landbou, A.M. Conroy, het verklaar dat "... *the Ossewa-Brandwag had penetrated to the schools and the children were being taught to hate each other ... this would be the junior Ossewa-Brandwag hate party ...*"[32] Hierdie antagonisme vanuit regeringsgeledere was deel van die daaglikse roetine van die OB en het bygedra tot verdeling in Afrikanerkringe. Hierdie soort uitlatings was onverifieerbaar met die werklikheid, aangesien dit ŉ eensydige siening is om die jeugbeweging as ŉ "*hate party*" te bestempel.

Van ŉ ernstiger aard was die opposisie van doktor D.F. Malan se Gesuiwerde Nasionale Party (GNP), wat al heftiger geword het namate die ideologiese stryd

---

30 OBA: Assistent-Kommandant-Generaal-versameling, band 3/4, lêer 3/4/30: Omsendbrief van AKG, 21 Junie 1941

31 J F J van Rensburg, *Their paths crossed mine* (Central News Agency, Cape Town, 1956), pp 152-153

32 Unie van Suid-Afrika, Parlement, Senaat van Suid-Afrika, debatte, vyfde sessie, agtste parlement, vierde senaat, 20 Maart 1941, kolom 663

tussen hierdie politieke party en die OB om die siel van die Afrikaner in intensiteit toegeneem het.[33] Teenstand vanuit Afrikaanse organisasies wat die GNP gesteun het, veral die Voortrekkerbeweging, het sake vir die Jeugfront verder bemoeilik.[34]

Te midde van probleme en teenstand moet die jare 1940 tot 1943 beskou word as ʼn tyd van konsolidasie van die amptelike jeugbeweging waarin dit ʼn volwaardige onderafdeling van die OB met dieselfde doel en strewe as die moederliggaam geword het.[35] Hierdie nuwe toevoeging was inderdaad ʼn poging van die OB om al die kragte van die Afrikanerdom aan te wend vir die handhawing van ʼn eie volksbestaan, die bevordering van nasietrots en -trou, en die verwesenliking van Afrikanerideale.[36]

Soos wat die Jeugfront gegroei het, het dit nodig geword om ʼn stewiger greep op die organisasie daarvan te kry. Gedurende Junie 1943 het ʼn nuwe fase vir die OB-jeug aangebreek, met byeenkomste wat meer gereeld plaasgevind het, OB-ideologie wat meer effektief by die jeug ingeprent is en kampe, vlagparades en kransleggings waarby die OB-leiers die jeug wou betrek. ʼn Nuwe jeugleier is ook aangestel.

**ʼn Nuwe naam, ʼn nuwe era: Die Ossewa-Brandwag Boerejeug**

Gedurende ʼn Grootraadsitting op 11 en 12 Maart 1943 in Bloemfontein is besluit dat die assistent-kommandant-generaal nie meer die taak van jeugleier moes behartig nie, omdat dit te veeleisend geword het. Die besluit is eenparig geneem om ʼn jeugleier aan te stel wat slegs die jeug as taak sou hê en dat hy sitting op die Grootraad moes neem.[37] Dit was ʼn belangrike gebeurtenis in die geskiedenis van die jeugbeweging, aangesien die nuwe jeugleier volkome opgewasse vir die taak was.

Op 14 Mei 1943 is professor D.J. (Dirk) van Rooy van Potchefstroom as die amptelike jeugleier van die OB aangestel. Hy is op 9 Oktober 1943 tydens ʼn jeuglaertrek deur die kommandant-generaal ingesweer. Sy pligte het behels dat hy die werksaamhede van die Jeugfront, asook die organisasie daarvan, moes uitwerk en laat toepas.[38] Dit is duidelik dat professor Van Rooy dadelik aan die werk gespring het om die organisasie van die jeug op stewiger voet te plaas. Vanweë die teenstand en deurlopende organisatoriese probleme kon die Jeugfront nooit baie sterk staan nie. Professor Van Rooy was bewus van hierdie faktore en tog het hy sy taak met entoesiasme aangepak.[39] Die naam van die Jeugfront is in Junie 1943 verander na die Boerejeug en bevele is aan alle takke van die OB uitgereik om die nuwe naam aan te kondig, maar ook om toe te sien dat die beoogde herorganisasie van die beweging vlot sou verloop. Alle lede van die Jeugfront se jeugkaarte moes hernu word, sodat dit vir die nuwe jaar gefrankeer kon word. Nuwe riglyne is vasgestel.[40]

---

33 Vir besonderhede hieroor kyk: L M Fourie, "Mobilisering van die Afrikanerdom", *in* Van der Schyff (red ), *Die Ossewa-Brandwag*, pp 47-77

34 OBA: M S F Grobler-versameling, verslae: Verslag oor die werksaamhede van die Penkop-kommando, Pretoria, 27 Junie 1941

35 P J J Prinsloo, "Kultuuraktiwiteite van die Ossewa-Brandwag", *in* Van der Schyff (red ), *Die Ossewa-Brandwag*, p 345

36 *Die Burger*, 20 Desember 1940

37 OBA: Grootraad-versameling, band 1/2, lêer 1/2/12: Notule van Grootraad, 11-12 Mei 1943; OBA: Gebied F-versameling, band 8(1)(b)6, lêer 8(1)(b) 6/34: Boerejeugbevele, 1943

38 OBA: Boerjeugversameling, band 9/1, lêer 9/1/1: Aanstellingsbrief D J van Rooy, 14 Mei 1943

39 OBA: Boerjeugversameling, band 9/1, lêer 9/1/1: korrespondensie D J van Rooy/J A Smith, 25 Mei 1943

40 Prinsloo, "Kultuuraktiwiteite van die Ossewa-Brandwag", p 345

Om te bepaal wat die aard van die uiteindelike jeugbeweging van die OB was, sal daar vervolgens gelet word op die doel, organisasie, werksaamhede en invloed van die Ossewa-Brandwag Boerejeug.

**a. Die doelstellings en betekenis van die Boerejeug**

Omdat die jeug van kardinale belang geag is vir die verwesenliking van die ideaal van die uiteindelike magsoorname deur die OB, het die beweging dit as sy taak gesien om te sorg dat hy die Afrikanerjeug "sterk en doelbewus organiseer".[41] As deel van die OB as volksbeweging moes die Boerejeug inpas by die oorkoepelende samelewingsideaal, wat neergekom het op die idees van volkskapitalisme, sterk sentrale leiding en die "voorbereiding" van die jeug vir die bereiking van die republikeinse ideaal wat nodig was vir die konsolidasie van 'n toekomstige nasionaal-sosialistiese, Christelike, blanke volkstaat.[42] Teen hierdie agtergrond het die Boerejeugoffisiere hulle ten doel gestel om "die vorming en ontwikkeling van die Afrikanerjeug in en deur sy volksverband" te bevorder. Dit het onder meer ingesluit:

1 dat die Boerejeug hom onder roepingsbewuste en koersvaste leiding stel;
2 dat hy ingewy word in die Afrikaanse Christelik-Nasionale lewens- en wêreldbeskouing;
3 dat hy sy volkstradisies leer ken en waardeer, en sy volksideale sy eie maak;
4 dat hy gedissiplineer word tot erkenning en gehoorsaming van alle regmatige gesag wat oor hom gestel is;
5 dat sy organisasie 'n middel sal wees om leiersgawes te ontdek en te ontwikkel en sodoende by te dra tot die vorming van toekomstige leiers op elke gebied;
6 dat die Boerejeug, sover dit op sy weg lê, elk van sy lede na sy aard en aanleg sal vorm en ontwikkel, in voorbereiding vir sy (haar) toekomstaak in diens van: GOD, VOLK EN VADERLAND [43]

Hierdie doelstellings moet gesien word binne die konteks van die OB, wat gepoog het om die deugde, karakter, geskiedenis en ideale van die Afrikanervolk te verpersoonlik. Weens die militaristiese inslag in die OB het dissipline hoë prioriteit geniet. Klem is daarop gelê dat die Boerejeug moes voldoen aan die begeerte om in diens van die Afrikanervolk georganiseerd te kan optree. Die doelstellings het 'n sekere mentaliteit veronderstel. Hierdie mentaliteit het ingesluit dat die jeug opgevoed moes word om die ideale wat die OB verteenwoordig het, uit te leef. Die jeug sou immers eendag die leisels in hulle hande neem en dit was die taak van die Boerejeug om toe te sien dat daardie leisels stewig vasgevat word. In 'n amptelike brosjure van die OB is die doel om die jeug binne die konteks van aanvaarde Afrikanerideale op te lei, verder benadruk:

> Die Boerejeug wil die mooiste en skoonste van die verlede bewaar vir die nageslag – hy wil die vreemde vervang met die volkseie deur 'n praktiese belangstelling in lands- en volksdiens by die jeug aan te wakker So lei ons dan seuns en dogters op wat deur hul gedissiplineerde gedrag en keurige gesamentlike optrede toon dat hulle die naam Boerejeug werd is Die elemente wat bydra om ons volk te verdeel, wil ons bestry en al ons kragte wy aan die opvoeding van 'n sterk verenigde, onafhanklike, godsdienstige volk![44]

---

41 OBA: Boerjeugversameling, band 9/1, lêer 9/1/4: Oproep van KG, circa 1947
42 Prinsloo, "Kultuuraktiwiteite van die Ossewa-Brandwag", p 379
43 OBA: Boerjeugversameling, band 9/1, lêer 9/1/6: Werkprogramme, Werkprogram S 1/45, 1945
44 OBA, Boerjeugversameling, band 9/1, leer 9/1/8: Boerjeugpamflette, "Die Boerejeug", circa 1943.

Hierdie aanhaling dui daarop dat die Boerejeug ook binne die konteks van die verset van die 1940's gesien moet word. Die OB was amptelik teen Smuts se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog gekant. Voorts het die beweging ook geen geheim daarvan gemaak dat dit anti-Brits was nie. Die Boerejeug wou "die vreemde vervang met die volkseie" onder die jeug. Die vreemde is deur die OB gerek om baie elemente van die Britse wêreld in te sluit, soos die parlementêre stelsel en 'n veelpartyregering.[45] Daar is openlik verklaar dat die Boerejeug "die enigste jeugbeweging is wat doelbewus stry vir 'n onafhanklike vrye republiek in Suid-Afrika, los van alle Britse of ander oorheersing".[46] Die leierskap van die Boerejeug moes dus toesien dat die opvoeding van die jeug 'n antagonisme teen hierdie "volksvreemde" aspekte insluit. Weerstand teen vreemde elemente was geleë in die inprent van die republikeinse ideaal by die jeug, wat hulle moes motiveer om te veg vir die volkome onafhanklikheid van die Unie van Suid-Afrika. Die Boerejeug is deur die leierskap van die OB beskou as 'n "integrale deel van die Volkstaat" en alle kragte moes ingespan word om te verhoed dat die Boerejeug ontwikkel tot 'n "vrye tydverdryf" soos wat die Voortrekkerbeweging geword het.[47]

Om die "mooiste en die skoonste" te bewaar, dui op die OB se geloof in die eienskappe van die Afrikaner soos wat dit in die verlede opgesluit lê. Daar is gepoog om hierdie eienskappe en deugde by wyse van die werksaamhede van die beweging deel van die Boerejeuglede se opvoeding te maak. Die doel van die Boerejeug was dus die dissiplinering van die Afrikanerjeug, die inprent van die OB se definisie van Afrikanerdeugde, die aanwakker van die republikeinse ideaal en die mobilisering van die Boerejeug onder 'n oorkoepelende "volkseie" sosialistiese samelewingsideaal.

Bogenoemde temas kom herhaaldelik na vore in byna alle aspekte van die Boerejeug. Simboliek was vir die OB 'n baie belangrike deel van die beweging. Die sterk organisasie van die OB het vereis dat daar ook kentekens sou wees, wat verteenwoordigend was van elke onderafdeling van die beweging. Die Boerejeug het sy eie wapen gehad, afgebeeld in figuur 1, wat die doel en betekenis verder uitgebeeld het.

Die sleutelsteen (op die arend se bors) verteenwoordig die Boerejeug as sleutel tot die toekoms van die Afrikanervolk, aan wie die verwesenliking van die hoogste ideaal (die republikeinse ideaal) toevertrou is. Die arend verskyn ook op die destydse wapen van die Zuid-Afrikaansche Republiek – so versinnebeeld dit die verlede van die Afrikaner. Die uitgestrekte vlerke van die arend simboliseer vryheid.[48] Die wiel (waarop die arend rus) dui op die voorspelling van Andries Pretorius, wat verklaar het: "Eendag sal 'n wiel begin rol deur Suid-Afrika wat geen mag kan stuit nie" en daarby dui dit ook op die ossewa wat aansluit by die geboorte van die OB. Die eikeblare, takkies en botsels simboliseer die eikeboom, wat saam met die voorouers van die Afrikaner die land binnegekom het. Die feit dat hierdie boom eeue oud kan word, versinnebeeld die sterk en kragtige groei van die Boerejeug.[49]

45 Visser, *OB: traitors or patriots?*, pp 16-17
46 OBA: Boerjeugversameling, band 9/1, leer 9/1/8: Boerjeugpamflette, "Die Boerejeug", circa 1943
47 OBA: Boerjeugversameling, band 9/1, lêer 9/1/1: Boerejeugverslag, Gebied A, 20 Oktober 1944
48 Hierdie arend was ook op die amptelike wapen van die OB en is onbetwisbaar deel van die OB se simpatie met Duitsland en die aanklank wat die beweging by Nasionaal-Sosialisme gevind het
49 OBA: KJH Behrens-versameling, band 7, lêer 7/39: "Handleiding vir laertrekkings", 1944



**Figuur 1: Die wapen (kenteken) van die Ossewa-Brandwag Boerejeug.**[50]

Die uitgewerkte doelwitte het wel aan die Boerejeug ŉ vasgestelde rigting gegee, maar om te bepaal wat die aard van die beweging was, is dit nodig om vas te stel hoe die Boerejeug aan hierdie doelwitte beantwoord het. Om die gestelde hoë ideale en doelwitte te bereik, was die doeltreffende organisering van die jeugbeweging van kardinale belang.

### b. Organisasie van die Boerejeug


Doktor J.F.J. van Rensburg het die OB beskou as die Afrikanerdom wat gemobiliseer was om tot die stryd toe te tree, terwyl dit ook deur middel van dissipline, onderlinge beskerming aan die volk wou verleen.[51] Hierdie "dissiplinering" van die volk het tot elke afdeling van die OB deurgesyfer. Deur die organisatoriese ontwikkeling onder Van Rensburg het die OB in toenemende mate begin voldoen aan die ideaal dat dit die "gemobiliseerde Afrikanerdom" moes wees. Van Rensburg het baie duidelik ŉ tradisie van bevel in die organisasie begin vestig.[52] Ook die Boerejeug is hierby ingesluit.

Vir alle praktiese doeleindes was die Boerejeug volgens ouderdomme in drie "laers" verdeel, naamlik die Boerebabas (0 tot 6 jaar), wat ŉ onaktiewe laer was, die Boerekleingoed (6 tot 12 jaar) en die Boereseuns en -dogters (12 tot 18 jaar). Die Boerejeug was geografies in dieselfde gebiede as die OB onderverdeel. In elke gebied is daar in oorleg met die gebiedsleier ŉ jeughoofkommandant deur die uniale jeugleier van die OB aangestel. Die jeughoofkommandant was ŉ lid van die staf van die gebiedsleier. Hy het ook sitting gehad op die gebiedsraad en het, in oorleg met die gebiedsleier, bevel gevoer oor die Boerejeug van sy spesifieke gebied.[53]

50 OBA: Boerjeugversameling, band 9/1, leer 9/1/8: Boerjeugpamflette, "Die Boerejeug"
51 Van der Walt, *ŉ Volk op trek*, pp 39, 40
52 Badenhorst, "Organisasiestruktuur", p 31
53 OBA: Gebied F-versameling, band 8(1)(b)6, lêer 8(1)(b) 6/34: Boerejeugbevele*,* 1943

Daar is in elke gebied 'n assistent-jeughoofkommandante deur die jeugleier aangestel. Hierdie dame-offisier het die belange van die dogters-afdeling van die gebied behartig en opgetree in 'n raadgewende hoedanigheid onder die bevel van die spesifieke jeughoofkommandant. Sy het deur middel van die jeughoofkommandant as skakel tussen die vroue-offisiere van die gebied en die jeugleier opgetree.[54]

Bogenoemde indeling van die manlike en vroulike lede dui op organisering op nasionale vlak. Alle vlakke ondertoe in die hiërargie word deur die skema in figuur 2 verduidelik.




**Figuur 2: Organisasiestruktuur van die Boerejeug.**[55]

---

54 OBA: Boerjeugversameling, band 9/1, lêer 9/1/4: "Die Boerejeug: sy doel, organisasie en administrasie", 1946

55 Badenhorst, "Vroeë organisasiestruktuur", p 31

Die OB het hom ten doel gestel om toe te sien dat die Boerejeug nie verval tot ŉ "vrye tydverdryf" soos die Voortrekkers nie, en het gepoog om dit by wyse van hierdie formele indelings te verhoed. Die militaristiese dissipline tydens byeenkomste is ernstig opgeneem en die jeug het mekaar nie op hulle name aangespreek nie, maar wel op hulle range. Hierdie goed georganiseerde indeling het baie mannekrag geverg en dit is dus te verstane dat die Boerejeug probleme ervaar het met die aanstel van persone wat bekwaam genoeg was om die stelsel te laat werk. Afgesien van die reëlings vir die byeenkomste van die Boerejeug, moes daar ook voorsiening gemaak word vir doeltreffende administrasie. Lidmaatskapgelde moes ingesamel word en die jeug was volgens kodenommers ingedeel. Met hierdie uitgebreide organisasie en administrasie het die Boerejeug (soos alle afdelings van die OB) voldoen aan die aanspraak dat die Afrikaners onder sy vlerk gemobiliseer word.

Lidmaatskap van die Boerejeug was nie oop vir almal nie. Daar is vereistes gestel aan diegene wat lede van die beweging wou word. Voornemende kinderlede se ouers moes beide van Europese afkoms wees, hulle moes die beginsels huldig waarvoor die OB staan, hulle moes hulle onderwerp aan die reëls, tug en dissipline van die Boerejeug en hulle moes ŉ instellingsbelofte aflê.[56] Hierdie vereistes het ooreengestem met die doelwitte van die Boerejeug wat betref die bewaring van die "volkseie" en die stryd teen die vreemde. Onderwerping aan die tug en reëls het gedui op die streng dissiplinering wat ŉ belangrike deel van die OB uitgemaak het.

Die volgende instellingsbelofte van die Boerejeug moes deur elke jong seun en dogter wat wou lid word, afgelê en onderteken word:

> In die aanwesigheid van my kamerade gee ek, die ondergetekende, my erewoord dat ek:
>
> 1 getrou sal bly aan die ideaal van hulle wat goed en bloed op die Pad van Suid-Afrika vir vryheid en reg opgeoffer het;
> 2 die Christelik-nasionale sedes en tradisies van my volk getrou sal handhaaf;
> 3 my volk en my land steeds na die beste van my vermoë sal dien alleen, sowel as in samewerking met my mede-Afrikaner;
> 4 my mede-Afrikaner sal help en beskerm, hom nooit in die stryd verlaat of aan die vreemdeling en vyand sal uitlewer nie;
> 5 myself sal onderwerp aan alle gesag wat die Ossewa-Brandwag oor my stel en alle wettige bevele wat my gegee word getrou sal uitvoer
>
> My wagwoord is: Plig, diens ter ere van my God, my volk en vaderland Mag God my hierin getrou maak en krag gee [57]

Die ideaal van onafhanklikheid, volkskap, Afrikanerdeugde, diensbaarheid, samewerking binne die volk as eenheid en onderwerping aan die OB is wat elke kind met hierdie belofte onderskryf het. Die doelstellings van die Boerejeug is verwoord in hierdie instellingsbelofte. Die opoffering van "goed en bloed ... vir vryheid en reg" is ŉ duidelike verwysing na die Anglo-Boereoorlog. Die inhoud van hierdie belofte bevat sterk ondertone van die republikeinse ideaal. Al was kinders dalk nie eers

56 OBA: Boerjeugversameling, band 9/1, leer 9/1/8: Boerjeugpamflette, "Die Boerejeug"; OBA: Gebied F-versameling, band 8(1)(b)6, lêer 8(1)(b) 6/34: Boerejeugbevele, 1943

57 OBA: Boerjeugversameling, band 9/1, lêer 9/1/6: Organisasie en administrasie: "Instellingsbelofte van die Boerejeug".


bewus van dit wat hulle onderteken het nie, moes die idees en gedagtes tog aan hulle bekend gewees het deur die invloed van hulle ouers en die offisiere waaronder hulle gestaan het.

Die ritueel rondom die aflegging van die insweereed, gewoonlik tydens aandfakkellope, het ŉ mistieke dimensie daaraan verleen, wat jongmense emosioneel sou aangryp en ŉ besondere samehorigheidsgevoel sou skep.

Organisering van die jeug was gemik op doeltreffende samewerking, wat van belang was vir die werksaamhede van die Boerejeug. Met die werksaamhede is daar gepoog om die ideale deel van die jeug se bestaan te maak.

## c. Werksaamhede van die OB-Boerejeug

Die aktiwiteite van die Boerejeug was goed georganiseer en gemik op die uitbou van Afrikanerdeugde, die inskerp van die republikeinse ideaal en die mobilisering van die Afrikanerdom as sosiale eenheid. Die werksaamhede van die jeugbeweging is nie beskou as kinderspeletjies nie, maar wel as "opleiding". Binne die sterk organisatoriese tradisie van die OB, is hierdie opleiding goed uiteengesit.[58] Die program van werksaamhede het vir alle lede van die Boerejeug (seuns sowel as dogters) hoofsaaklik drie aspekte ingesluit, naamlik liggaamlike opvoeding, verstandelike ontwikkeling en karaktervorming, asook die kweking van ŉ gemeenskapsgevoel, volks- en vaderlandsliefde. Om hierdie drie aspekte te bereik, is die aktiwiteite van die Boerejeug verdeel in twee hoofafdelings, naamlik naastediens en velddiens. Elkeen van dié hoofafdelings is dan weer in vier onderafdelings verdeel en elke onderafdeling was ŉ vertakking van die Boerejeug se aktiwiteite. Die werksaamhede is voorgestel in die vorm van ŉ wawiel met agt speke en het soos volg gelyk:




**Figuur 3: Die wawiel wat die werksaamhede van die Boerejeug verteenwoordig het.**[59]

58 OBA: Boerjeugversameling, band 9/1, lêer 9/1/4: "Die Boerejeug: sy doel, organisasie en administrasie", 1946

59 OBA, Boerjeugversameling, band 9/1, lêer 9/1/6: Uniforms, kleredrag, kentekens: "Erkenningstekens van die Boerejeug", 1948

Die wawiel-teken versinnebeeld die volgende: Die bus van die wiel is die jeug wat die gesonde en sterk kern van die volk is – die middelpunt. Die speke is die aktiwiteite binne die volkslewe soos wat dit deur die enkeling gedra is en die naaf is die samevoeging van die enkeling en sy optrede binne die voortbewegende volkslewe. Die letters dui op die range wat verkry kon word indien daar bewys gelewer is van vaardigheid in 'n spesifieke aktiwiteit. Al hierdie werksaamhede was daarop gemik om die doelwitte van die Boerejeug te verwesenlik. Om te verstaan presies wat hierdie doelwitte vir die jeug beteken het, is dit ook nodig om te begryp hoe die OB die afsonderlike "plek" en rol van man en vrou beskou het.[60]

Volgens die OB het elke lid van die gesin 'n besondere taak gehad: "Die taak van die man is geleë in die behartiging van die beroepsarbeid, die volkspolitiek en die krygskuns, terwyl die taak van die vrou in die gesinshuishouding en die volksversorging geleë is – sy is die spil waarom die gesinsvorming, die gesinsopvoeding en volksorg draai".[61] Die vrou se hoogste roeping was die gesin en haar aandeel in ander aspekte van die volkslewe moes slegs bykomstig wees – die vrou moes ook afsien van beroepsarbeid sodra sy in die huwelik sou tree.[62] Die inhoud van die werksaamhede is verdeel tussen die seuns en die dogters van die Boerejeug. Sommige aktiwiteite het wel ooreengestem, maar as daar gelet word op die OB se idees rakende die gesin, dan is dit te verstane dat die aktiwiteite daarop gerig was om die manlike en vroulike geslag toe te rus vir elkeen se besondere taak. Om te kyk of die Boerejeug 'n nuttige jeugbeweging was en 'n blik op die aard van die beweging te kry, sal daar vervolgens gelet word op die werksaamhede van die beweging en hoe die doelwitte hierdeur verwesenlik is.

### *i. Naastediens*

Die eerste vier speke van die wawiel was verteenwoordigend van naastediens. Dit het die volgende ingesluit: die inskerp van OB-grondslae, organisasie en administrasie, noodhulp en arbeidsdiens (handewerk).[63] Kennis van hierdie afdelings was nodig indien 'n Boerejeuglid in rang wou vorder. Die inprent van die grondslae van die OB was 'n belangrike deel van die jeug se opvoeding binne die Boerejeug. Dit was belangrik dat die jeug ingelig sou wees oor kwessies wat in daardie stadium aandag in Suid-Afrika geniet het, en daar is gepoog om by wyse van die Boerejeug die menings van die OB rakende hierdie kwessies aan die jeug bekend te maak. Omdat dit aanvaar is dat die volkspolitiek deel uitgemaak het van die man se rol in die gesin (wat beskou is as die kern van die volk), was hierdie deel belangrik vir die seuns. By wyse van handleidings en brosjures, lesings, films, plakboeke en 'n eie koerantjie, naamlik *Vuurslag*, is die grondslae van die OB vir die jeug beskikbaar gestel.[64] Aandag is geskenk aan die geskiedenis van die OB, belangrike beleidskwessies van die beweging, en die gedissiplineerde organisasiemetode. Daarby is die doel en organisasie van die Boerejeug vergelyk met ander jeugbewegings en daar is gelet op

60 OBA: Boerjeugversameling, band 9/1, lêer 9/1/2: korrespondensie D J van Rooy/ P J Taljaard, 4 Mei 1948

61 P de Klerk, "Die ideologie van die Ossewa-Brandwag", *in* Van der Schyff (red ), *Die Ossewa-Brandwag*, p 313

62 De Klerk, "Die ideologie van die Ossewa-Brandwag", p 313

63 OBA: Boerjeugversameling, band 9/1, lêer 9/1/2: korrespondensie D J van Rooy/ P J Taljaard, 4 Mei 1948

64 OBA: Boerjeugversameling, band 9/1, lêer 9/1/6: Uniforms, kleredrag, kentekens: "Erkenningstekens van die Boerejeug", 1948.

aktuele probleme in Suid-Afrika en die OB se benadering daartoe.[65] Die jeug is ingelig oor die republikeinse strewe, die rassevraagstuk en beroepsverteenwoordiging. Daar is ook na Afrika en die buiteland gekyk.

Die OB het geglo dat dit "die plig van elke ware Afrikanerseun en -dogter [was] om al sy/haar kragte en talente in te span en gesamentlik te stry teen die vreemde klasseverskille in [die] volkslewe [en vir] ware volkseenheid op alle gebiede, en algehele volksvryheid".[66] Om toe te sien dat die jeug nie hierdie plig versuim nie, was kennis baie belangrik. Hier tree dit sterk na vore dat die Boerejeug ŉ middel was vir die OB om sy beleid en benadering tot sake deel te maak van die kind se opvoedingsproses. So sou ŉ toekomstige ingeligte OB-generasie opgelei word.

Die jong geslag moes eendag die leiding van die OB oorneem en daarom moes die jeug kennis dra van die organisasie en administrasie van die OB se kommandostelsel. Klem is geplaas op kennis van lede (registers, ledekaarte, werwing), finansies (kasboek, bankrekening, kwitansieboeke), verslae en die lêerstelsel. Die jeug moes opgelei word om verslae te kon opstel en ontleed, bevele deur te stuur en uit te reik, op te tree as beriggewers vir OB-publikasies, vergaderings te lei en in verbinding met ander jeugbewegings te tree.[67]

Noodhulp was van die stigting van die Jeugfront af al ŉ belangrike deel van die jeugafdeling.[68] Die klem op noodhulp moet ook beskou word binne die konteks van die tyd toe die OB gebore is. Met die Tweede Wêreldoorlog wat in Europa gewoed het, en die OB wat die moontlikheid van ŉ oorlog op eie bodem gepropageer het, was dit noodsaaklik dat die jeug (veral die meisies) ŉ basiese kennis van noodhulp sou hê. Selfs ná die Tweede Wêreldoorlog het noodhulp steeds ŉ belangrike deel van die Boerejeug gebly. ŉ Eerste diploma van die Suid-Afrikaanse Noodhulpliga is beskou as die ideaal. Waar daar egter nie ŉ tak van die Noodhulpliga was nie, sou daar voorsiening gemaak word tydens laers (kampe) om toetse af te lê. Kennis gelykstaande aan die diploma is as voldoende beskou.[69]

Dit was by die laaste onderafdeling van naastediens waar die skeiding in take van seuns en dogters baie duidelik word. Met arbeidsdiens moes seuns en dogters ŉ minimum van twee onderwerpe kies en in ŉ sekere rigting spesialiseer, asook oor elementêre kennis van alle rigtings beskik, sodat hulle ŉ spesiale produk kon lewer of tema kon aanpak wat tot nut of diens van die Boerejeug moes wees.[70] Die onderwerpe waaruit seuns kon kies, het die volgende ingesluit: houtwerk, boekbindery, radio-bou, volkspele, metaalwerk, model-vliegtuigbou, fotografie en kennis van een musiekinstrument. Onderwerpe waaruit die meisies kon kies, was naaldwerk en brei, metaalwerk, fotografie, volkspele, binnehuiskultuur, spin en weef,

65 OBA: Boerjeugversameling, band 9/1, lêer 9/1/2: korrespondensie D J van Rooy/ P J Taljaard, 4 Mei 1948

66 OBA: Boerjeugversameling, band 9/1, leer 9/1/8: Boerjeugpamflette, "Die Boerejeug".

67 OBA: Gebied F-versameling, band 8(1)(b)6, lêer 8(1)(b) 6/34: Boerejeugbevele, 1943; OBA: Boerjeugversameling, band 9/1, lêer 9/1/6: Uniforms, kleredrag, kentekens: "Erkenningstekens van die Boerejeug", 1948.

68 OBA: Assistent-Kommandant-Generaal-versameling, band 3/4, lêer 3/4/30: Omsendbrief van AKG, 21 Junie 1941

69 OBA, Boerjeugversameling, band 9/1, lêer 9/1/2: korrespondensie D J van Rooy/ P J Taljaard, 4 Mei 1948

70 OBA: Gebied F-versameling, band 8(1)(b)6, lêer 8(1)(b) 6/34: Boerejeugbevele, 1943

boekbindery, kookkuns en versierwerk, tuisverpleging en kennis van een musiekinstrument.[71] Prioritisering van arbeidsdiens het die Boerejeug se aanspraak regverdig dat die beweging die "opvoeding" van die jeug wou aanvul. Hierdie aktiwiteite het alles behalwe op ŉ nuttelose tydverdryf gedui, maar was duidelik daarop gemik om tot voordeel van ŉ seun of meisie te wees.

Die sosialistiese idees van samesyn en volksorg en die ondersteuning aan mede-Afrikaners is deel van die jeug gemaak deur hulle deelname aan die OB se noodhulpfonds. Toe die eerste arrestasies van OB-lede in 1940 deur die regering gemaak is, het die OB die Boerevolk-noodhulpfonds in die lewe geroep om die families van gevangenes en geïnterneerdes te versorg.[72] Toe die massa-internerings van Januarie 1942 begin het, was die OB genoodsaak om hulp aan die gesinne van gevangenes te verskaf. Baie families het terugslae beleef en in baie gevalle was gesinne sonder kos. Sommige van hulle het ook die gevaar geloop om die dak oor hulle kop te verloor. Afgesien van die mans wat in die gevangenis was, was daar honderde mans wat die polisie probeer ontduik het. Hulle moes weggesteek en versorg word en die OB het hiervoor voorsiening gemaak.[73] Op 19 Januarie 1942 het die kommandant-generaal ŉ dringende beroep op al die OB se lede gedoen om die leuse "Een vir Almal, Almal vir Elkeen" nou in hierdie krisis uit te leef. Van Rensburg se woorde was:

> Ons het elkeen die eed voor God gesweer dat ons ons mede-Afrikaner in die nood sal bystaan en hom aan die vyand nie sal uitlewer nie Ons word elkeen nou op die proef gestel of ons daardie eed kan hou of nie [74]

Een van die beloftes wat ŉ Boerejeuglid gemaak het, was dat hy sy "mede-Afrikaner sal help en beskerm, hom nooit in die stryd verlaat of aan die vreemdeling en vyand sal uitlewer nie".[75] Met die Boerejeug se aktiewe deelname aan fondsinsamelings is daar geleentheid gegee vir die uitvoer van hierdie belofte. So is die gedagte by die jeug laat posvat dat die Afrikaner as entiteit besig was om sy naaste by te staan waar hy deur die "vreemdeling en vyand" uitgebuit word. Die volkseie getrouheid is beklemtoon, maar om die volkseie werklik te bewaar en om waarlik ŉ Afrikanerjeugbeweging te wees, was klem op die "veldlewe" net so belangrik.

### *ii. Velddiens*

Die vier aspekte van werksaamhede wat by hierdie "speek" ingesluit is, is laerdiens, veldwerk, landsdiens, asook paradewerk en krygskuns.[76] In hierdie afdeling het die Boerejeug die meeste met die Voortrekkerbeweging ooreengestem. Sekerlik die belangrikste deel van die aktiwiteite van die Boerejeug, was die laertrekke (kampe) wat gereeld gehou is.[77] Kinders moes oor kennis beskik van alle aspekte van ŉ Boerejeuglaertrek en moes bewys lewer dat hulle daardie kennis prakties kon toepas.

---

71 OBA: Boerjeugversameling, band 9/1, lêer 9/1/6: Uniforms, kleredrag, kentekens: "Erkenningstekens van die Boerejeug", 1948.

72 Van der Walt, *'n Volk op trek*, p 125

73 Van Rensburg, *Their paths crossed mine*, p 217

74 Van der Walt, *'n Volk op trek*, p 125

75 Sien afdeling oor organisasie van die Boerejeug

76 OBA: Boerjeugversameling, band 9/1, lêer 9/1/2: korrespondensie D J van Rooy/ P J Taljaard, 4 Mei 1948

77 In afdeling iii word in detail na die laertrekke gekyk

Werksaamhede wat hiermee gepaard gegaan het, was gefokus op die ontwikkeling van leierseienskappe van die jeug.

Velddiens was meer gemik op seuns. Die aktiwiteite wat onder hierdie hoofafdeling resorteer het, het ook die OB se beskouing oor manlikheid weerspieël. Een van hierdie "manlike" aktiwiteite was veldwerk, en het vereis dat die seuns oor kennis moes beskik van rigtingvinding (in die dag en nag), kaartteken en -lees, spoorsny, aanvalstaktieke en bekruiping. Seuns moes oor kennis beskik van óf semafoor, óf morsekode.[78] Veldwerk herinner aan die vaardighede van die ou Voortrekkers, maar dui ook op die OB se klem op paraatheid in geval van oorlog. Hierdie vaardighede was van kardinale belang vir oorlewing in die veld en het ingepas by die "volkseie" idee, omdat dit herinner het aan die tyd van die Anglo-Boereoorlog. Veldwerk is aangevul deur ŉ ander aktiwiteit, naamlik krygskuns. Afrikanerseuns moes leer om hulleself te verweer en op die terrein van selfverdediging was boks, stoei, ju-jitsu en stokwerk (afweer) van belang. Verder moes seuns (en in sommige gevalle meisies) oor ŉ elementêre kennis van skietkuns en oorlogvoering beskik. Hulle moes ingelig wees oor kommando's, meganisering, guerrilla-taktiek, inligtingsdiens en die Burgermag.[79] Weer kom die idee van oorlogparaatheid na vore.

Nóg ŉ onderafdeling was landsdiens, gerig op die kweek van landboukundige vaardighede. Die hoop was dat elke seun ten minste ŉ elementêre kennis daarvan sou hê. Indien ŉ Boerejeuglid wou, kon hy ook ŉ werkstuk lewer, soos wat deur landbouklubs vereis is.

Die dissipline en militêre organisering van die OB is weerspieël in die paradewerk en krygskuns van die Boerejeug. Optogte en formele vlagparades was ŉ belangrike deel van die OB se byeenkomste. By wyse van paradewerk het die Boerejeug sy stempel gedurende hierdie geleenthede afgedruk. Aktiwiteite moes lei tot ŉ kennis van paradewerk – onder meer aandag, omkeer en saluut. Seremoniële parades moes vlot verloop. Daar was twee tipes vlagparades: dié waar seuns of dogters afsonderlike vlagparades hou en ander waar die seuns en dogters gesamentlik opgetree het.[80] Vir die Boerejeug het ŉ vlagparade ŉ dieper betekenis as bloot net ŉ uiterlike seremonie gehad. Die belangrikheid van hierdie parades kom in die volgende aanhaling na vore:

> Die simboliek van die Vierkleur vloei voort uit ons volksgeskiedenis en spoor aan tot die aanvaarding van ons volkstaat Dit vertolk nie alleen ons strewe na vryheid nie, maar is ook die ewige herinnering aan die dure bloedoffers wat ons volk moes bring ter beskerming van alles wat vir hom heilig en dierbaar is Die Vierkleur spreek van die dade van vaders, moeders en kinders ongeëwenaard in durf, en van offers onbekend in die wêreldgeskiedenis Ons volk as geheel en elke lid daarvan behoort die Vierkleur indiwidueel waardig te wees As sodanig sal ons die Vierkleur eer en huldig [81]

Hier word ŉ groot respek vir die Vierkleur by die jeug veronderstel. Dit pas in by die doelwit van die bewaring van die volkseie, asook die kweek van nasietrots en vaderlandsliefde. Vlagparades was uiters formeel en die militaristiese dissipline

78 OBA: Boerjeugversameling, band 9/1, lêer 9/1/6: Werkprogramme, Werkprogram 1/1945
79 OBA: Boerjeugversameling, band 9/1, lêer 9/1/6: Werkprogramme, Werkprogram D/3/1945
80 OBA: Boerjeugversameling, band 9/1, lêer 9/1/4: "Die Boerejeug, sy doel, organisasie en administrasie", 1946
81 OBA, K J H Behrens-versameling, band 7, lêer 7/39: "Handleiding vir laertrekkings", 1944

daarvan het ʼn blik gegee op die streng organisering van die Boerejeug. Daar is ʼn hoë prioriteit geheg aan Skriflesing en gebed, sodat lede van die vergadering "die nodige insig en krag [sou ontvang] om [die] volksroeping, wat deur die vlag gesimboliseer word, tot die heil van [die] volk te volbring".[82] Gedurende hierdie seremonies het die Boerejeugorkeste ʼn belangrike rol gespeel. Daar is aan elke gebiedsleier opdrag gegee dat daar in elke gebied ʼn Boerejeugorkes moes wees.[83] Boerejeuglede is ook aangemoedig om instrumente te leer speel en sang het ʼn belangrike deel van byeenkomste en laertrekke uitgemaak. Volkspele en tradisionele Afrikanerliedere was belangrik vir die kweek van volkstrots.

### *iii.* *Boerejeuglaertrekke*

Die hoogtepunt van alle aktiwiteite was ʼn laertrek (kamp) van die Boerejeug. Daar was verskillende soorte laertrekke: gebiedslaertrekke, generaalskapslaers en kommandolaertrekke. Daar was kampe wat slegs vir meisies of slegs vir seuns gehou is, ander kampe was gesamentlike byeenkomste. Gedurende die laertrekke is daar aandag gegee aan al die bogenoemde aktiwiteite en die samesyn, en "volkwees" moes deur elke lid van die Boerejeug uitgeleef word. Daar was niks meer "volkseie" as ʼn Boerejeuglaertrek nie.

Laertrekke was nie bedoel vir kinders onder twaalf jaar nie. Elke gebied of sub-afdeling moes self besluit wanneer ʼn laertrek sou plaasvind. Gedurende laertrekke is daar dikwels parades gehou en die leierskap van die OB het as sprekers by hierdie byeenkomste opgetree. Verder is daar elke aand om die kampvuur gekuier en alle laergangers is aangemoedig om musiekinstrumente saam te bring. Die OB het die wa en tent beskou as die bakermat van die Boerevolk. Vir die Boerejeug was ʼn laertrek ʼn "tydelike verblyf in tente, liefs in die vrye veld, met die doel om op intensiewe, selfstandige en gedissiplineerde wyse sekere werksaamhede te verrig".[84] Dit is vanselfsprekend dat die kenmerke, grondslae en ideologie van die OB gedurende hierdie laertrekke by die kinders ingeprent is. In die eerste versie van die volgende lied, wat dikwels gesing is, kom die anti-Britse oorlogsgevoel sterk na vore:

> Pienk Pikkanien[85], jou dage is getel
> Pienk Pikkanien, jou dage is getel
> Vandat jy die Rooilus[86] dra,
> is jou land Noord-Afrika
> Pienk Pikkanien, jou dage is getel [87]

Laertrekke was ʼn manier vir die Boerejeug om die karaktervorming van sy lede te beïnvloed. Die OB het by wyse van lesings en offisiere se invloed ʼn OB-bewussyn by die jeug gekweek.

82 OBA: K J H Behrens-versameling, band 7, lêer 7/39: "Handleiding vir laertrekkings", 1944
83 OBA: Gebied F-versameling, band 8(1)(b)6, lêer 8(1)(b) 6/34: Boerejeugbevele, 1943
84 OBA: K J H Behrens-versameling, band 7, lêer 7/39: "Handleiding vir laertrekkings", 1944
85 Die gebruik van die woord "pienk" dui op iemand wat ʼn sogenaamde "liberalis" was in die oë van die destydse verregses Dit het verwys na diegene wat ondersteuners van die Smutsregering was
86 Ondersteuners van Smuts se oorlogspoging, asook vrywillige soldate en regeringstroepe, het destyds ʼn rooi lussie gedra wat hulle onderskei het van diegene wat nie saam met Smuts se regeringsbesluite gestem het nie
87 OBA: Onderhoude, band 43: H M Robinson, circa 1940

Laertrekke by Amajuba was van besondere betekenis, aangesien daar groot simboliek vir die OB in hierdie berg, waar die Boeremagte in 1881 ŉ beslissende oorwinning oor die Britse troepe behaal het, opgesluit was. Die OB het die plaas *Majuba-North* (waar Amajuba geleë is) namens "die volk" aangekoop en op 2 Januarie 1941 in ontvangs geneem.[88] Die jeug moes help met die instandhouding van Amajuba en baie laertrekke sou daar gereël word.[89]

Deur sy werksaamhede het die Boerejeug gepoog om die doelwitte van die beweging te verwesenlik. Die organisasie is op hegte grondslag geplaas en deur handleidings, brosjures en riglyne kon offisiere die jeug oplei om eendag die OB se stryd voort te sit. Op plaaslike, provinsiale en uniale vlak het die OB gepoog om deur die agt fasette van die aktiwiteite ŉ nuttige deel van sy jeuglede se lewens te wees. Daar kan sonder twyfel gesê word dat die Boerejeug alles in sy vermoë gedoen het om lewensvaardighede vir die jeug aan te leer wat sou ooreenstem met en bydra tot die verwesenliking van die oorkoepelende doelwitte van die Boerejeug en die OB. Die jeugbeweging het in al die jare van sy bestaan voortgegaan met hierdie werksaamhede, ten einde die jeug te mobiliseer en gereed te maak vir deelname aan die "groot OB".[90]

Die Boerejeug was een van die belowendste afdelings van die OB, maar niks kon die agteruitgang van die beweging stuit wat gepaard gegaan het met die verswakking van die OB in sy geheel nie.

**Vergelyking met Europese fascistiese jeugbewegings**

Die OB word beskou as deel van die internasionale fascistiese ideologiese beweging tussen die twee wêreldoorloë. Daarom ontstaan die vraag in watter mate die Boerejeug ooreenkomste met fascistiese jeugbewegings, veral die Hitler Jugend in Duitsland, vertoon het. Beide die Hitler Jugend en die Gioventù Italiana del Littorio, die fascistiese jeugbeweging in Italië, se oorsprong dateer terug tot die 1920's.[91] Hulle kon moontlik as modelle gedien het waarop die Boerejeug geskoei is. By nadere ondersoek blyk dit egter dat dit nie werklik die geval was nie, hoewel daar bepaalde ooreenkomste tussen die Boerejeug en hierdie organisasies bestaan het.

Sekerlik die belangrikste ooreenkoms tussen die Boerejeug en die Europese fascistiese jeugorganisasies was dat hulle ŉ gemeenskaplike hoofdoelstelling nagestreef het, naamlik die werwing van steun deur die indoktrinasie van die jeug in die ideologie van die moederorganisasie. Vir doktor Hans van Rensburg en sy mede-OB-leiers, net soos vir Adolf Hitler en Benito Mussolini, was die ideologiese indoktrinasie van die jeug en die beïnvloeding van, of selfs beheer oor die denke van die jong geslag, van deurslaggewende belang om die toekomstige mag van hulle onderskeie organisasies uit te bou. Onder die jeug moes toekomstige leiers

88 *Die Burger*, 10 Desember 1940

89 OBA: Grootraad-versameling, band 1/2, lêer 1/2/13: Verslag van GR rakende Majuba, 1946

90 OBA: Boerjeugversameling, band 9/1, lêer 9/1/4: Oproep van KG, circa 1943

91 Oor die Hitler Jugend bestaan ŉ uitgebreide literatuur Van die belangrikste boeke in Engels is S Campbell Bartoletti, *Hitler Youth: Growing Up in Hitler's Shadow* (Scholastic Nonfiction, New York, 2005); E Hayes, *Children of the Swastika* (Millbrook Press, Brookfield, 1993); M H Kater, *Hitler Youth* (Harvard University Press, Cambridge – Massachusetts, 2006); H W Koch, *The Hitler Youth* (Macdonald and Janes, Londen, 1975) Oor die Gioventù Italiana del Littorio bestaan weinig publikasies in Engels

geïdentifiseer en opgelei word. Waardes soos gehoorsaamheid, lojaliteit, respek vir gesag en die wil om vir volk en vaderland te veg, moes by jongmense ingedril word en hulle moes uitgedaag word om hulle jeugdige energie, idealisme en kompetisiegees te gebruik ter bevordering van die nasionale gemeenskap. Die doel was om gehoorsame modelburgers vir ŉ geïdealiseerde gesagstaat te kweek.[92]

Soos by al die fascisties-georiënteerde organisasies, het die ideologiese kern van die OB ook ŉ hipernasionalistiese inslag gehad, wat uitdrukking gevind het in ŉ teruggryp na ŉ heroïese verlede, die gebruik van nasionalistiese simbole en die kweek van vaardighede wat vir volksdiens gebruik kon word. Soos die fascistiese jeugorganisasies, het die Boerejeug ook ŉ deel van hulle programinhoud, metodes en retoriek ontleen aan bestaande groepe, in hierdie geval die Padvinders (Boy Scouts) en die Voortrekkers, en dan ŉ meer ekstreme nasionalistiese politieke betekenis aan aktiwiteite, liedere en tradisies gegee.[93]

Nog ŉ sterk ooreenkoms tussen die verskillende fascisties-georiënteerde jeugorganisasies was hulle militaristiese inslag, wat interne klasseverdeeldheid teëgewerk het. Hulle is almal op ŉ militêr-hiërargiese patroon georganiseer en het van range, uniforms en kentekens gebruik gemaak. Rituele, seremonies, saamtrekke en kampe is aangebied op ŉ wyse waardeur ŉ militêre tipe dissipline by jongmense, veral seuns, ingeskerp is. In alle gevalle is verskillende soorte voormilitêre opleiding met die oog op die oorlogsparaatheid van jong mans gedoen.[94]

Die wyse waarop seuns en meisies in die Boerejeug vir die vervulling van duidelik onderskeide geslagsrolle gekondisioneer is, het ook ooreengestem met wat in die Hitler Jugend en ander fascistiese jeugorganisasies gedoen is. Waar die seuns hoofsaaklik opgelei is om die vaderland te beveilig en die bedryfslewe in stand te hou, is die meisies voorberei vir hulle moederlike en huislike take.[95]

By die Boerejeug kan ook unieke kenmerke geïdentifiseer word, wat verskil het van die Hitler Jugend en ander fascistiese jeugbewegings.

Een van die belangrikste verskille tussen die Boerejeug en die Hitler Jugend was hulle posisie binne en verhouding met die staat. Die Hitler Jugend, wat aanvanklik in die 1920's ŉ klein en sukkelende organisasie was, wat geleidelik saam

---

92 Vir die aard en vorm van ideologiese indoktrinasie by die fascistiese jeugorganisasies in Duitsland en Italië, kyk onder meer na: K A Redding, "Fascist Youth", *in* Encyclopedia of Children and Childhood in History and Society, http://www faqs org/childhood/Fa-Gr/Fascist-Youth html; Wikipedia, "Hitler-Jugend", http://en wikipedia org/wiki/Hitler Youth; "Hitler Youth" en "Italian Fascist Youth Group" op die Historical Boys' Uniforms-webwerf, onderskeidelik by http://histclo com/youth/youth/org/nat/hitler/hitler htm en http://histclo com/youth/youth/ org/nat/ita/natit htm (almal geraadpleeg op 19 Januarie 2009)

93 Vergelyk die gegewens in hierdie artikel met dié in P D Stachura, "The ideology of the Hitler Youth in the Kampfzeit", *Journal of Contemporary History*, 8, 3, July 1973, pp 155-167

94 Kyk veral na: History Learning Site, "Hitler Youth", http://www historylearningsite co uk/ hitler youth htm (geraadpleeg op 19 Januarie 2009), asook "Hitler Youth" en "Italian Fascist Youth Group" op die Historical Boys' Uniforms-webwerf

95 K A Redding, "Fascist Youth"; A Hein, "Hitler Youth (HJ)", Jewish Virtual Library, http://www jewishvirtuallibrary org/jsource/Holocaust/hitleryouth html (geraadpleeg op 19 Januarie 2009); The History Place, "Hitler Youth", http://www historyplace com/ worldwar2/hitleryouth/index html (geraadpleeg op 19 Januarie 2009); "Hitler Youth" op die Historical Boys' Uniforms-webwerf

met die Naziparty in grootte en statuur toegeneem het, is in 1933 met Hitler se magsoorname getransformeer tot ŉ reusagtige en invloedryke staatsondersteunde jeugbeweging met miljoene lede. Namate ander jeugbewegings verbied en by die Hitler Jugend geïnkorporeer is, en lidmaatskap daarvan vir alle Duitse jeugdiges verpligtend gemaak is, het dit verder in mag toegeneem.[96] Die fascistiese jeugbeweging in Italië is ook deur die staat ondersteun, maar het nooit so groot en invloedryk as die Hitler Jugend geword nie.

In vergelyking met sy Europese eweknieë, was die Boerejeug maar ŉ klein organisasie van ŉ paar duisend vrywillige lede in Suid-Afrika. Onder die Smuts-bewind was die Suid-Afrikaanse staat allermins die bondgenoot van die Boerejeug, maar inteendeel sy geswore vyand. Ondanks die Afrikanernasionalistiese oriëntasie daarvan, was selfs nie eers alle Afrikaners die Boerejeug goedgesind nie. Uiteindelik was die teenkanting van die Nasionale Party die grootste faktor in die ondergang van die OB en van die Boerejeug.

In sy houding teenoor godsdiens het die Boerejeug radikaal van die Hitler Jugend verskil. Terwyl die OB-ideologie uitgesproke Christelik-nasionaal was, met die beoefening van die Christelike godsdiens as kernkomponent, het die Naziparty en die Hitler Jugend ŉ nie-Christelike grondslag gehad. Onder die leierskap van Baldur von Schirach het die Hitler Jugend geneig na ŉ paganistiese soort verering van ou Germaanse gode. Terwyl die Hitler Jugend die houvas van die kerk en die gesin op jongmense probeer breek het, het die Boerejeug dit juis probeer versterk.[97]

Soos wat die oorlogsomstandighede in die veertigerjare verander het, is die militêre fokus van die Hitler Jugend versterk, terwyl dié van die Boerejeug begin vervaag het. Hitler se anti-intellektuele benadering het van die begin af die rigting van die Hitler Jugend beïnvloed en daar is baie meer klem op die fisiese en praktiese, eerder as die intellektuele opleiding van die jeug gelê.[98] Met ŉ akademikus as leier, het die Boerejeug uiteraard nie dieselfde anti-intellektuele roete gevolg nie. Die Boerejeug het gevolglik nie dieselfde tipe ekstreme praktyke beoefen as die Hitler Jugend nie – soos is byvoorbeeld nie toegelaat dat (byna soortgelyk aan antieke Sparta) wreedheid van ouer seuns teenoor jongeres gepleeg en selfs aangemoedig is om onfikses uit te skakel en die res meer gehard te maak nie.[99]

Toe die Tweede Wêreldoorlog in 1939 uitbreek, het oorlogsparaatheid ŉ oorheersende rol in die programme van die Hitler Jugend begin speel. Vanaf 1943, toe die Duitse militêre posisie desperaat geraak het, is daar feitlik uitsluitlik op opleiding in militêre vaardighede gefokus en het die Hitler Jugend ŉ al groter ondersteuningsrol in die oorlogspoging gespeel. Al hoe jonger seuns het as soldate in die Duitse weermag begin diens doen. Uiteindelik het die Hitler Jugend in 1945 ŉ belangrike aandeel in die verdediging van Berlyn gehad.[100]

---

96 Wikipedia, "Hitler-Jugend"

97 E J Kunzer, "The youth of Nazi Germany", *Journal of Educational Sociology*, 11, 6, February 1938, p 350

98 "Hitler Youth" op die Historical Boys' Uniforms-webwerf; Wikipedia, "Hitler-Jugend"

99 Wikipedia, "Hitler-Jugend"

100 Hein, "Hitler Youth (HJ)"

Namate die kanse op ŉ Duitse oorwinning afgeneem het, het die OB se hoop om met Duitse hulp ŉ Afrikanerrepubliek in Suid-Afrika tot stand te bring, vervaag. Daarmee saam is die militêre inslag van die OB en die Boerejeug verswak en is toenemend op ander aspekte gefokus, byvoorbeeld welsynsdiens in die vorm van hulp aan mede-Afrikaners wat hulle werk en heenkome weens hulle OB-lidmaatskap verloor het.

Hoewel die Boerejeug dus ten opsigte van die outoritêre aard van sy politieke ideologie, sy organisasiestruktuur, sekere rituele en aktiwiteite, asook uiterlike simbole, opvallende ooreenkomste met die fascistiese jeugorganisasies in Europa getoon het, het dit in vergelyking met veral die Hitler Jugend, ŉ teenstellende religieuse inslag gehad. Weens die verloop van gebeure in Europa en Suid-Afrika tydens die oorlogjare, het die OB en die Boerejeug al verder van die fascistiese hoofstroom verwyderd geraak.

**Die laaste jare van die Boerejeugbeweging**

Vanaf 1946 is daar toenemend probleme ervaar weens ŉ tekort aan personeel en kon daar nie meer effektiewe leiding aan die Boerejeug gegee word nie.[101] Daar is pogings aangewend om die Boerejeug te herorganiseer, ten einde die bloedsomloop van die beweging aan die gang te hou.[102] Dit het egter duidelik geword dat die OB en ook die Boerejeug op ŉ afdraande pad begin beweeg het.

Een van die hooffaktore waaraan die OB sy ontstaan te danke gehad het, was die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog. Die OB was by uitstek ŉ oorlogsorganisasie, omdat sy bestaan grootliks in die oorlogsjare geval het.[103] Na die oorlog het die OB ŉ krisis begin beleef, aangesien dit begin blyk het dat die organisasie se tyd uitgedien was.

Die OB-leiding was hiervan bewus en het pogings aangewend om die agteruitgang te stuit deur tot die politiek toe te tree. Die voorstel van ŉ parlementêre volksfront is gemaak, sodat die OB verkiesings kon beïnvloed, ten spyte van die feit dat dit geen politieke party was nie. Die poging het egter misluk, omdat die OB steeds ŉ partylose staat voorgestaan het en die uitsprake teen demokrasie nie laat vaar het nie.[104] Die politieke terrein het ook al hoe warmer vir die OB geword.

Die meeste van die OB se lede is in die Herenigde Nasionale Party (HNP) opgeneem.[105] Die uitslag van die algemene verkiesing op 26 Mei 1948 het die besef gebring dat die beweging tot niks sou lei nie. Die OB het homself beskou as die verpersoonliking van die republikeinse ideaal en tog het dit geblyk dat die ideaal slegs op die partypolitieke terrein bereik kon word. Dit het tot die verdere agteruitgang van die OB gelei.

Vir die Boerejeug het sake nie veel beter gelyk nie. Teen November 1946 was daar nog ongeveer 360 offisiere en nagenoeg 3 400 Boerejeuglede met jeugwerk

101 OBA: Grootraad-versameling, band 1/2, lêer 1/2/13: Boerejeugverslag, 1946
102 OBA: Gebied F-versameling, band 8(1)(b)6, lêer 8(1)(b) 6/34: Boerejeugbevele, 1946
103 Prinsloo, "Kultuuraktiwiteite van die Ossewa-Brandwag", p 378
104 Badenhorst, "Vroeë organisasiestruktuur", p 39
105 Prinsloo, "Kultuuraktiwiteite van die Ossewa-Brandwag", p 380

besig, wat hoofsaaklik om laertrekke gesentreer het.[106] Die versorging van Amajuba is in 1947 aan die jeugbeweging oorgedra.[107] Hierdie was een van die min aktiwiteite wat die Boerejeug net-net aan die gang gehou het. Die Boerejeug het ook voortgegaan met die insameling van fondse vir die OB se Noodhulpfonds, wat gedien het as die "stimulus wat die andersins onaktiewe beweging aan die gang gehou het".[108] Die laaste geïnterneerdes is in Oktober 1948 vrygelaat en daarmee saam het hierdie "stimulus" ook verdwyn. Die belowende jeugvleuel van die OB het net soos die beweging self teen 1946 besef dat hy die stryd moes gewonne gee. Professor Van Rooy het teen die einde van 1949 verklaar dat die meeste OB-lede wat jeugwerk ondersteun het, liewer in die Voortrekkerbeweging belanggestel het.[109] Net soos wat lede van die OB deur die NP opgeneem is, is lede van die Boerejeug in die Voortrekkerbeweging opgeneem.

Soos wat die HNP gegroei het, het die OB al hoe meer steun verloor. Selfs kommandant-generaal Van Rensburg het die OB se stryd as verlore bestempel.[110] Die agteruitgang van die beweging het algaande versnel en teen 1949 is op die Grootraad besluit dat die beweging maar van maand tot maand moes voortgaan so goed as wat omstandighede sou toelaat. Die OB het ŉ finansiële krisis beleef en ŉ begroting kon nie meer uitgevoer word nie.[111]

Die OB en al sy onderafdelings se tyd was uitgedien. Die belangrikste aktiwiteit teen 1950 was dat die oorblywende lede van die OB en die Boerejeug met ywer sou voortgaan om die republikeinse ideaal te verkondig.[112] Gedurende April 1952 het doktor Van Rensburg in ŉ spesiale omsendbrief die OB-lede gemaan om nie te vergeet wat die beweging se oorsprong en uitgangspunt was nie en dat die onsigbare band van kameraadskap behou moes word. Tydens die laaste laertrek van OB-offisiere in Augustus 1952 in Bloemfontein is besluit om die beweging te ontbind. Die sterfdag van die OB, saam met die Boerejeugbeweging, was 23 Augustus 1952. Die onmiskenbare verband tussen die OB en die Boerejeug het daartoe gelei dat die belowende jeugbeweging nie kon bly voortbestaan sonder die moederliggaam nie.

## Gevolgtrekking

Die aard van die Boerejeug lê opgesluit in die doelstellings van die beweging, wat parallel staan met die ideale van die OB. Die aard van die beweging word vertoon in die werksaamhede van die Boerejeug, wat daarop gerig was om ŉ bepaalde aard in sy jeuglede te kweek. Die Boerejeug se doelwitte was daarop gemik om die jeug op te voed en voor te berei vir iets waarop die OB gewag het. Of dit nou die oorlog in Europa was wat sou oorspoel na Suid-Afrika, en of dit die toekomstige republiek was – die OB wou by wyse van die Boerejeug die Afrikanerjeug (die nasate van die Boere) voorberei daarop om "die fakkel verder te dra".

106 OBA: Grootraad-versameling, band 1/2, lêer 1/2/13: Verslag van die jeugleier aan die GR, 1946
107 OBA: Gebied F-versameling, band 8(1)(b)6, lêer 8(1)(b) 6/34: Boerejeugbevele, 1947
108 Prinsloo, "Kultuuraktiwiteite van die Ossewa-Brandwag", p 378
109 OBA, Grootraad-versameling, band 1/2, lêer 1/2/13: korrespondensie D J van Rooy/ W R Laubscher, 7 November 1949
110 Prinsloo, "Kultuuraktiwiteite van die Ossewa-Brandwag", p 380
111 Badenhorst, "Vroeë Organisasiestruktuur", p 40
112 Prinsloo, "Kultuuraktiwiteite van die Ossewa-Brandwag", p 381

Dit wat die Boerejeug onderskei van ander jeugbewegings was dat hierdie voorbereiding van ŉ besondere aard was, in ooreenstemming met die oorkoepelende ideale van die OB. Die OB wou naamlik alles in sy vermoë doen om die vreemde te beveg, die volkseie te behou, en die Afrikaner te dissiplineer en te mobiliseer om nie net die ideale van die beweging na te streef nie, maar om dit ook te bereik. Vir hierdie doel was die jeug van kardinale belang, want hulle was diégene wat nog opgevoed kon word – trouens, hulle kon meer Afrikaner wees (volgens die konsep van die OB) as hulle ouers, want deel van hulle opvoeding was gesetel in die hande van ŉ beweging wat net daarop toegespits was, naamlik die kweek van ware Afrikaners.

Dat die Boerejeug nie geslaag het in sy doel nie, is ŉ onbetwisbare feit. Die beweging het wel in van sy doelwitte op ŉ baie klein skaal geslaag, deurdat die jeug nuttige vaardighede aangeleer is en beïnvloed is deur die karakter van die beweging. Die gebeure van die tyd waarin hulle geleef het, het daartoe gelei dat daar ander bewegings was wat beter voorsiening gemaak het vir die jeug. Dit beteken hoegenaamd nie dat die Boerejeug ŉ gebrek aan goeie organisasie of administrasie gehad het nie, maar die meerderheid Afrikaners het hulle gewig by die Nasionale Party ingegooi, wat vordering gemaak het op weg na die bereiking van Afrikanerideale.

Die jeugvleuel het die ideale van ŉ eens magtige volksbeweging by die jeug verteenwoordig. Hoewel die Boerejeug ŉ groot impak op sommige van sy lede gehad het, was die invloed van die beweging op die breër bevolking minimaal. Die OB se republikeinse fakkel is verder gedra deur bewegings wat op hulle eie manier voorsiening gemaak het vir die uitleef van die republikeinse ideaal. Soos wat die OB agteruitgegaan het, was daar later ook nie meer ŉ fakkel vir die jeug om verder te dra nie. Die OB het wel daarin geslaag om die kiemgedagte by ŉ gedeelte van die Afrikanervolk en -jeug in te prent dat die republikeinse strewe ŉ praktiese leefwyse kon wees, deurdat dit in die bewussyn van die Afrikaner gevestig kon word. Die nalatenskap van die Boerejeug was dan ook gesetel in daardie bewussyn wat die beweging onder sy lede gekweek het. Die republikeinse bewussyn sou in die toekoms by uitstek ŉ invloed op die algehele karakter van die Afrikanervolk uitoefen en in hierdie verband was die stryd van die Boerejeug nie vrugteloos nie. Daardie republikeinse bewussyn sou ŉ invloed uitoefen op die geskiedenis van Suid-Afrika totdat die ideaal uiteindelik in 1961 verwesenlik is.

## Opsomming

Die Ossewa-Brandwag (OB) was die grootste van ŉ aantal nasionalisties-politiese bewegings wat onder Afrikaners in Suid-Afrika tydens die Tweede Wêreldoorlog-tydperk bestaan het, en wat na nasionaal-sosialisme geneig het. Hierdie artikel handel oor die rol van die OB se jeugvleuel, wat aanvanklik as die Jeugfront, en later as die Boerejeug bekendgestaan het. Die oorsprong, stigting, doelstellings, organisasie en aktiwiteite daarvan word in meer besonderhede bespreek. Alles was gerig op volksdiens in belang van die Afrikanervolk. Van die middel van die 1940's af, het die Nasionale Party (toe bekend as die Herenigde Nasionale Party) die politieke steun van al meer Afrikanernasionaliste verkry, ten koste van die OB. In 1948 het dié party die parlementêre verkiesing gewen en die nuwe regering geword. Aangesien die OB sy bestaansrede verloor het, is dit (insluitend die jeugvleuel) in

1952 ontbind. Gedurende die kort bestaan van die Boerejeug, het dit, ten spyte van goeie leierskap en deeglike organisasie, nooit daarin geslaag om sy ideale op groot skaal te verwesenlik nie, aangesien veranderende omstandighede dit nie toegelaat het om die populêre volksbeweging te word wat dit gestig is om te wees nie. Daardie eer het die Nasionale Party en sy geaffilieerde organisasies te beurt geval. Die nalatenskap van die OB en sy jeugvleuel, veral die republikeinse ideaal, het egter bly voortbestaan in die ideale van die Nasionale Party en het versmelt in die breë stroom van seëvierende Afrikanernasionalisme.

**Abstract**

**"Carrying the torch forward":**
**The role of the youth wing of the Ossewa-Brandwag, 1939-1952**

The Ossewa-Brandwag (OB) was the largest of a number of nationalist political movements which existed in the Afrikaner society in South Africa during the period of the Second World War, and which were inclined towards national socialism. This article deals with the role of its youth wing, first called the Jeugfront (Youth Front) and later the Boerejeug (Boer Youth) of the OB. The origin, establishment, objectives, organisation and activities of this youth wing are discussed in some detail. Everything was geared towards *volksdiens* (service to the people) in the interest of the Afrikaner people. From the mid-1940s, the National Party (then called the Herenigde Nasionale Party) gained the political support of more and more Afrikaner nationalists, at the expense of the OB, and won the parliamentary elections to become the new government in 1948. Having lost its *raison d'être*, the OB, including its youth wing, was disbanded in 1952. During its brief existence, the Boerejeug, never managed to realise its ideals on a grand scale, despite its good leadership and thorough organisation, because changing circumstances did not allow it to become the popular *volksbeweging* (people's movement) it set out to be. That honour went to the National Party and its affiliated organisations. However, the legacy of the OB and its youth movement, especially its republican ideal, was perpetuated in the National Party and was merged into the broad stream of triumphant Afrikaner nationalism.

**Sleutelwoorde**

Afrikanernasionalisme; Boerejeug; doktor J.F.J. van Rensburg; Jeugfront; Ossewa-Brandwag (OB); professor D.J. van Rooy; Suid-Afrikaanse geskiedenis; Tweede Wêreldoorlog.

**Key words**

Afrikaner nationalism; Boerejeug; Doctor J.F.J. van Rensburg; Jeugfront; Ossewa-Brandwag (OB); Professor D.J. van Rooy; Second World War; South African history.